DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

TAK PADINFRASTRUKTUUR



Ceres

MISSIE:

Om deur sosiaal regverdige, ontwikkelende en bemagtigingsprosesse 'n geintegreerde, toeganklike, veilige, bekostigbare en ekonomies uitvoerbare vervoerstelsel binne die Wes- Kaap te voorsien, te bestuur en instand te hou, om die lewensgehalte vir almal te verbeter.

INLIGTINGSGIDS

MAART 2003

DIE TAK BESTAAN UIT 5 KOMPONENTE WAT HOOFSAAKLIK VERANTWOORDELIK IS VIR DIE BOU EN ONDERHOUD VAN PROVINSIALE PAAIE



DIREKTORAAT BEPLANNING

Die Direktoraat is verantwoordelik vir die beplanning van die provinsiale padnetwerk in die Wes- Kaap en ook die beheer oor toegange langs die hoër orde geproklameerde paaie. Deur bepaalde insette van die Direktoraat oor voorgestelde grondhersonerings, word geintegreerde vervoer- en grondgebruiks-beplanning bevorder en word optimale toeganklikheid na nuwe ontwikkelings bereik.



DIREKTORAAT ONTWERP



Toets van pad op N7

Die Direktoraat se hooffunksie is om 'n doeltreffende padnetwerk te ontwerp. Hierbo is foto van 'n swaarvoertuig similator wat gebruik is op die N7 wat die skade toets wat swaarvoertuie oor 'n tydperk van 30 jaar sal veroorsaak.
Die Laboratorium doen ook grond- en paddigtheids-toetse om te verseker dat die padkwaliteit op 'n standaardvlak vir 'n bepaalde tyd bly.

Die Direktoraat bedryf 'n databasis van padtoestande en berei padkaarte voor. Gereelde verkeerstellings speel 'n groot rol om die tipe pad wat geskik behoort te wees, te bepaal. Inligting waar verkeersprobleme gereeld voorkom word versamel en ontwerpe om dit die hoof te bied word dan gedoen.

Die ontwerp van maatreëls om 'n veilige padnetwerk te verseker, kan uit die onderstaande foto gesien word.



DIREKTORAAT UITVOERING

Die Direktoraat se hooffunksie is om pad- en bruginfrastruktuur te voorsien, te onderhou en te rehabiliteer wanneer nodig.
Die onderhoudsfunksie word deur drie Distrikspadingenieurs, die Distriksmunisipaliteite as agente en op kontrak uitgevoer.
Die rehabilitasiefunksie word grootendeels deur middel van privaat kontrakteurs uitgevoer onder die beheer van Raadgewende Ingenieurs.
Voorheen benadeelde firmas word betrek om kleiner

tot medium kontrakte aan te pak. Die tenderproses maak voorsiening vir 'n puntestelsel waarvolgens voorheen benadeelde firmas bevorder word om sodoende die nodige ervaring op te doen en te groei tot mededingende swart bemagtigingsfirmas.

DIREKTORAAT STAATSMOTORVERVOER

Die beheer oor die gebruik van sowat 4161 staatsvoertuie in die Wes-Kaap is hierdie komponent se belangrikste funksie. Dit word vermag deur die bedryf van 'n staatsgarage in Kaapstad, wat ook werkswinkelfasiliteite insluit.

Minister Tasneem Essop, Darryl Jacobs (waarnemende Hoof van Departement) en mnr Alphus Makapela toets hier die nuwe e-fuelstelsel wat deur SMV gebruik word.

DIREKTORAAT PADINFRASTRUKTUUR ADMINISTRASIE.

Die Direktoraat dien as administratiewe ondersteuning vir die Direktorate Beplanning, Ontwerp en Uitvoering en verrig ook die administratiewe lynfunksies wat verband hou met Motorvoertuigregistrasie en Motorvoertuiglisensiëring, padverkeers-wetgewing, bestuurders-lisensies, die Tak se finansiële bestuur, eise wat met padgebruik ontstaan en algemene tender- en aankope administrasie.

Botsing met padverfwa. Een van die Tak se werkers het in die ongeluk omgekom. Die Tak het reisonkostes betaal van die oorledene se familie om sy begrafnis by te woon .

NAVRAE KAN GERIG WORD AAN:

Mnr. Jakkie van Heerden
Tel: (021) 483-5400
of per e-pos:
Jvheerde@pawc.wcape.gov.za
of rig u navrae aan:
Departement van Vervoer en Openbare Werke
Posbus 2603
Kaapstad
8000